DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

17 September 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 87: 4, 5	Sing vooraf	Sb. 3-2: 1 - 3 (63)
Sing	Ps. 48: 1, 4	Sing	Ps. 97: 1, 7
	Sb. 12-2: 4, 5 (27)		Sb. 15-3: 1 - 3 (39)
	Sb. 9-3: 1, 2 (70)		Ps. 26: 1, 2
	Ps. 89: 6, 7		
	Sb. 15-1: 1 - 4 (75)		
Skriflesing	Filippense 4: 2 - 23	Skriflesing	Efesiërs 1: 1 - 14 HK Sondag 21 Vraag 54
Teks	Filippense 4: 21 - 23	Teks	Efesiërs 1: 11 - 14
Tema	**Die waarde om tot die gemeenskap van die heiliges te behoort**	Tema	**Wie is die kerk wat Christus vergader, beskerm en versorg?**
Katkisasie-opening: Psalm 31: 1, 17			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Lidmate word herinner om asseblief so gou as moontlik 'n nuwe lidmaatinligting vorm te voltooi en by die kerkkantoor in te handig of per e-pos te stuur na gkbellville@mwebbiz.co.za Kopieë is beskikbaar by die deure, in die konsistorie en in die kerkkantoor. U kan dit ook aflaai vanaf ons gemeente se webblad by www.gkbellville.org
Baie dankie aan almal wat reeds so vinnig reageer het – u samewerking word waardeer!

Lidmate wat altyd die preke vooraf per e-pos ontvang het, moet asseblief ook per e-pos bevestig indien hulle wil voortgaan daarmee.

BAIE DANKIE

Uit die diepte van ons hart sê ons net dankie vir alle kosbare, warme, koesterende liefde en omgee van ons gemeente-lede - vir etes, en die troue sorgsaamheid van ons koster Piet Reyneke met die hospitaalbed en tydens die erediens met Paul se begrafnis. Ons sal onthou hoe ons gedra is deur die wonderbare, oorvloedige genade van ons Hemelse Vader wat ons en ons predikante lieflik versterk het om ons te alle tye te ondersteun en staande te hou. Veral ds. Tenie Hendricks oor die jare en gedurende die laaste dae en ure en ook ds. Coen Vrey wat niks ontsien het, dag of nag!

Eric, Martha, Jean-Paul & Emile Silvis
Paul se broers – Arne & Emile en suster Astrid Parker

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 11:16 e.v. / Aand: Handelinge 11:22 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

HUISBESOEK

Wyk **Brackenfell** (oudl. Gustaaf Costerus) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KATKISASIE

Katkisasie klasse sluit vanoggend en heropen D.V. Sondag, 15 Oktober.

LEWENDE STENE & ROTSE

Alle graad 8 tot 25 jariges kom vanaand na die erediens in die kerkhuis bymekaar. Vir Bybelstudie gaan ons Prediker 1 behandel. Indien daar iemand is wat nog nie op die *WhatsApp* groep is nie, kontak asseblief vir sr. Carolien Meijering.

MEELEWING

Br. Herman Reynecke se broer is oorlede. Mag die Here hom en sr. Kotie ryklik vertroos.

SENIORS

As gevolg van die langnaweek word die Seniors se funksie uitgestel na **Saterdag, 14 Oktober**.

3. SUSTERS

KLASSIS BOLAND

Baie dankie aan die susters wat gehelp het tydens die Klassis Boland sitting die afgelope Dinsdag. Julle is werklik staatmakers!

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Blouberg** (Nicolette van der Walt), Stellenryk (Bianca Myburgh) en Brackenfell (Istelle Costerus)
Volgende Sondag: *Geen tee/koffie a.g.v. langnaweek*
Woensdag, 27 September (kerkraad): Wyke **Parow-Noord** (Geertje Groenewald) en Kuilsrivier (Marthie de Klerk)

MAANDVERGADERING

Alle susters word hartlik uitgenooi na ons vergadering op **Woensdag, 20 September** om 19h00. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Sr. Deléne Vrey gaan ons toespreek oor Fibromialgie en ander auto-immuun siektes. Indien daar enige vrae is wat julle graag beantwoord wil hê, stuur asseblief vooraf 'n e-pos na dvrey@webmobile.co.za . **Alle lidmate is hartlik welkom**. Die wyke verantwoordelik vir die aand se verrigtinge is: **Durbanville 2** en Monte Vista.

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Jeanré Taljaard, Eduard Roos, Piet Reyneke, **Dewald Costerus**
Volgende week: Brs. Cobus du Plessis, Chrisjan Vrey, Ian Snyman, John Eiberg
01/10: Brs. Willie Swanepoel, Albert Mulder, Dick van der Wilt
08/10: Brs. Reinard Visser, Ludwig Venter, Ruthven Janse van Rensburg, Herman Boneschans

Ouderlinge

Vandag: Brs. Jacobus Venter, Jakobus Wüst, Jaco Cilliers, Elzar Wendt
Volgende week: Brs. Willem de Haan, Peet van der Walt, Wilhelm Groenewald, Piet Aucamp
01/10: Brs. Gustaaf Costerus, Ben Groot, Daan Joubert, Freddie Scheepers
08/10: Brs. André Coetzee, Jakobus Wüst, Elzar Wendt, Johan Snyman

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Llen Labuschagne, Marten Daling
Volgende week: Brs. Berend Meijering, Paul Swart
01/10: Brs. Jaco Cilliers, Jeanré Taljaard
08/10: Brs. Gert Mulder, Chrisjan Vrey

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

September: 18/09 Brackenfell
Oktober: 09/10 Table View, 16/10 Kuilsrivier, 30/10 Gordonsbaai
November: 13/11 Blouberg, 27/11 Welgelegen

KOLLEKTE	**Onder diens:**	**By deure:**
Vandag:	Diakonale Kas	Ekumenisiteit (Londen)
Volgende Sondag:	GK Elsiesrivier	Deputate Jeugsorg
01/10:	Kinderhuise in kerkverband	Instandhouding van eiendomme
08/10:	Afgetrede Helpers & Evangeliste	Kerklike Tydskrifte

KOSTER MET VERLOF

Br. Piet Reyneke sal vanaf 24 September tot 29 Oktober met verlof wees. Indien u tydens hierdie periode hulp of toegang tot die kerkterrein benodig, kontak asseblief br. Cassie Bester (078 458 5963) of sr. Willina Cilliers (082 738 1809).

VERGADERINGS

Susters

Woensdag om 19h00 in die konsistorie

Kerkraad

Volgende Woensdag, 27 September om 19h00 in die konsistorie

VERKIESING VAN DIAKENS

Lidmate word versoek om name van broeders in die gemeente wat kan dien in die amp van diaken, aan die skriba, oudl. Berend Meijering (083 291 7603), te gee.

5. VERJAARSDAE

Vandag	Sr. Engela du Plessis Sr. Cherene Henderson
18/09	Sr. Hester Briel Sr. Willina Cilliers Br. Jaco Goedhart Br. Pierre Jacobs Br. Jannie van Wyk
20/09	Br. Louis du Plessis
21/09	Sr. Thea Ferreira Izabella Taljaard (1 jaar) Sr. Mercia van der Walt Sr. Rina Vosloo
22/09	Br. Herman Gers
24/09	Br. Jaco Cilliers Br. Ben Costerus Sr. Francis Eiberg
25/09	Sr. Clarissa Bezuidenhout Br. Louis Coetsee Sr. Martha Silvis
26/09	Br. Etienne Ferreira
27/09	Br. Wynand Bezuidenhout Sr. Anthea du Plessis
28/09	Br. Corné Mulder
30/09	Sr. Anna du Plessis Sr. Janet Ferreira Sr. Alta Swanepoel
02/10	Br. Jurgens du Plessis Br. Jaap Weij
03/10	Sr. Anna Kruger Alexander Taljaard (9 jaar)
04/10	Sr. Yolande Briel Br. Juan Groenewald
05/10	Sr. Syntychè de Waal
06/10	Sr. Annamarie Bester
07/10	Sr. Rita Steyn

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag, 4 Oktober om 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

Die Loot verskyn weer DV Sondag, 8 Oktober